



## VAAL POSDUIF UNIE

---

### **NOTULE VERGADERING VAAL POSDUIF UNIE.**

**GEHOU OP 2 OKTOBER 2021.**

**1. Teenwoordig**

- 1.1. Sien presensie lys.

**2. Verskonings**

- 2.1. Schalk Postumus, Dries Celliers

**3. Opening en verwelkoming**

Attie du Plessis heet almal welkom en open die vergadering met gebed.

**4. Finansies**

4.1. Freddie noem dat dit redelik goed gaan met die finansies. Alle lede se gelde sowel as die veiling gelde is inbetaal. Hy noem dat ons die aankoop van die nuwe trok steeds ingedagte moet hou en dat ons geld aan Wayne verskuldig is.

4.2. Hy bedank Wayne vir sy enorme toegifte.

4.3. Freddie noem dat hy probleme ondervind het met die ontvangs van die lyste van klubs, wat aandui hoeveel vlieënde lede, asook die hoeveelheid duiwe wat elke lid gaan vlieg. Hy versoek dat dit so vroeg moontlik aangestuur moet word aangesien die Unie daarvolgens moet "budget" en dienooreenkomsige vervoer gelde wat bepaal moet word. Ledelyste moet deur Unie Sekretaris hanteer word want hy het interaksie met Gauteng sowel as met Sanpo.

4.4. Freddie noem dat uitreiking en gepaardgaande ekstra werk tov "invoices" verminder kan word indien voorraadbeampte vir hom finale info stuur. Interrim info moet aan klubs gaan om hul rekeninge te vereffen. Attie noem dat voorraad verkieslik nie uitgereik moet word alvorens betaling geskied het nie.

4.5. Freddie noem dat veilinggelde binnekort uitbetaal sal word en dat hy die uitbetalings van 40% – 60% so sal verdeel met uitbetaling tensy

daar ander reelings is. Ander reelings moet aan hom gekommunikeer word.

4.6. Bespreking vind plaas tov van banke, dienste en betalings. Attie noem dat elke klub verkieslik sy eie bankrekening moet hê en sodoende normale EFT's tydens betalings doen wat sake baie sal vergemaklik.

4.7. Attie noem dat veilinggelde 2 weke na die wedvlug self sal uitbetaal word en dat daar slegs R700 uitstaande is. Hy bedank alle deelnemers vir hul samewerking. Daar sal 15 plekke uitbetaal word soos besluit op dag van die veiling deur deelnemers self.

## **5. Ringe, Derby en uitreikings**

5.1. Derby ringe en deelname daaraan word op versoek van Tommie bespreek. Attie noen dat nuwe ringe 1<sup>st</sup> Mei 2022 uitgereik sal word.

Daar is 6000 Derby ringe aangekoop in vergeleke met 5600 van vorige jaar. Die 2022 ringe sal van 'n "D" voorsien word om die verwarring tov Derby deelname uit te skakel. Daar was misverstande tov Derby deelname en Attie verduidelik die omstandighede en noem dat daar geen gemene spel was nie en dat dit uitgesorteer is. Die hoop is dat die toevoeging van die "D" Derby misverstande sal uitsorteer. Slegs ringreekse van lede uit 'n ander organisasie sal toegelaat word om aan Derby deel te neem indien dit so geregistreer is.

5.2. Daar word ook genoem dat veilingduif ringnommers nie uitgereik word nie omdat duiwe op die oog af teruggehou word deur lede en net na of voor veilingsvlug losgelaat word.

5.3. Niekie P noem dat "ringdigits" nie 'n sekere getal (8 of 9) moet oorskry nie omdat elektroniese klok sagteware nie daarvoor voorsiening maak nie. Dit sal met Sanpo opgeneem word.

## **6. Wedvlug Seisoen sover**

6.1. Attie vra hoe duiweboere die seisoen tot dusver beleef. Almal is dit eens dat dit onder die omstandighede baie goed gaan. Die probleme wat beleef word is die rapportering van waar die trok hom bevind asook die lank laai van duiwemandjies op die trok wat veroorsaak dat die Playfair manne laat wegkom huistoe – veral Emfuleniklub moet poging aanwend om vinniger te laai. Daar was aanvanklik, met die pad herstel na Heilbron na opsies gekyk om 'n sleepwa aan hul te verskaf vir die bring van mandjies na die Vaaldriehoek, maar die pad is intussen oopgestel. Almal moet asb hul bes doen om die trok so gou as moontlik op die pad te kry.

6.2. Doping toetse is gedoen en daar word op die uitslag gewag.

6.3. Versoek word gerig om na die Unie Oefenmandjie loslatings te kyk bv Winburg en Bloemfontein. Daar sal ook gekyk word of hoeveelheid

oefenvlugte vermeerder kan word – Wayne sal moet help. Attie noem dat trok baie goed doen en onlangs Richmond toe en terug toe gery het op een tank diesel – komplimente aan die drywer natuurlik. Tommie vra of drywer bewus daarvan is dat die watertank op die trok gevul moet word nadat duiwe water gegee is andersinds kan daar tekort aan water ontstaan. Drywer sal dienooreenkomsdig ingelig word.

6.4. Daar word versoek dat Gariepdam loslating uit die program verwijder moet word agv moontlike vroegoggend mis en na Colesberg geskuif moet word.

6.5. Op vraag of samewerking met ander unies gedurende die laaste paar wedvlugte nie 'n goeie opsie is nie antwoord Attie dat hy reeds in gesprek is met van die ander unies oor die moontlikheid daarvan. Dit kan laat seisoen hitte probleme oplos deur trokke na verskillende afstande te stuur.

6.6. Daar word wel beklemtoon dat duiwe stamina moet opbou deur geleidelik afstande te verhoog in stede daarvan om die lang vlugte in die middel van die seisoen te vlieg.

6.7. Versoek dat wedvlugte eerder afgestel moet word eerder as om dit uit te skuif word bespreek en Attie noem dat indien so iets ter sprake kom die besluit by die groter bestuursgroep moet lê.

6.8. Rapportering van duiwe bly 'n probleem en veral die terugvoer nadat 'n verlore duif gerapporteer is - dit sal weereens op die Sanpo vergadering bespreek word. Daar word bevestig dat 'n persoon 'n "verlore" duif mag vlieg indien hy kan bewys dat hy moeite gedoen het om die duif te rapporteer en geen persoon terugkom na hom of haar nie.

6.9. Die pretwedvlug was nie aangebied nie en die vergadering besluit dat dit nie meer nodig is nie.

6.10. Klok en kloksisteme wat gebruik word moet met die jonste sagteware gelaai wees. Hier is verskeie probleme en daar word besluit om dit met die AJV te bespreek.

6.11. Attie noem dat die sleepwa baie goed gedoen het met net een breek wat plaasgevind het

6.12. Attie beklemtoon dat Wayne baie goed vir die Unie tov die trok doen. Die kameras sowel as die versekering is gesponsor. Wayne het ook deur die perd te gebruik reeds R50 000 vir die Unie ge-in. Die as van die sleepwa gaan ook verander word om die hantering van die wa te vergemaklik. Hiermee sal moontlik 3 mandjies per kant verlore gaan, maar ons het genoeg mandjies. Baie dankie Wayne.

6.13. Op die stadium lyk dit asof die Unie die trok binne 3 jaar sal kan afbetaal wat uitsonderlik is.

## **7. Jongduifveiling**

7.1.1. Daar word besluit om voort te gaan met die Jongduifveiling en dit sal 08h00 by Vanderbijlparkklub op 13de November aangebied word.

7.2. Die reels van die Veilingsvlug moet egter aangepas word om te bepaal wat gedoen moet word indien die spesifieke vlug nie kan plaasvind nie of as 'n lid weens siekte etc nie kan deelneem nie.

## **8. Prysuitdeling**

8.1. Na 'n bespreking word Fred gevra om die reelings tov die prysuitdeling te hanteer en dit sal wel op die 13de November plaasvind.

8.2. Bespreking tov trofee vind plaas en daar word besluit om voort te gaan daarmee asook die graving van 2019 se prestasies. 'n Boekie sal ook aan die presteerders uitgereik word met die eerste 3 Unie posisies as maatstaf.

8.3. Lede moet asb hul bywoning van die prysuitdeling teen Donderdag bevestig.

8.4. Trofees moet asb so gou as moontlik afgelewer word by Niekie of reelings tref vir die afhaal daarvan.

8.5. Niekie Deysel bied aan om Combine wenners op 'n plaat te laat print en dit aan wenners te oorhandig.

8.6. Die Medpet geskenkpak word bespreek en daar word besluit dat R50 lootjie en trekking die wenner daarvan sal bepaal.

## **9. Konstitusie**

9.1. Die konstitusie moet verander word en in Engels vertaal word – die verbintenis is voor die AJV.

## **10. Afsluiting**

10.1. Die vergadering word verdaag

## **11. Algemeen**

11.1. Versoek dat Talitha vergoed moet word vir haar dienste gelewer as instaande wedvlugsekretaris word goedgekeur.

Voorsitter

Sekretaris

Attie Du Plessis

Cor van der Merwe